# Gebedsbulletin
# No. 29 van 2024

## 21 Julie 2024

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Gaan maak reg … of nie?

Jesus sê 'n paar keer dat God ons vergeef, soos wat ons self ander mense vergeef. Moeilike woorde hierdie! Ons almal het iewers 'n afgebrande brug of twee in ons lewe. Gewese vriende en moeilike familielede het dit vir party van ons onmoontlik gemaak om gesonde verhoudings met hulle te handhaaf. Hoe dan gemaak? Bedoel die Bybel ons moet maak asof sulke onregte nooit gebeur het nie? Nee! Vergifnis, die Here se soort, is ononderhandelbaar. Maar vergifnis beteken nie alles word dan onder die mat ingevee en almal gaan rustig Voort, asof niks gebeur het nie. Vergifnis is nie 'n "free for all" nie.

Van ons kant af moet ons altyd seker maak dat ons eie motiewe suiwer is, wanneer vergifnis ter sprake is. Van ons kant af grawe ons nie gedurig ou koeie op uit die sloot nie. In die woorde van Romeine 12:18 doen ons ons uiterste bes om in vrede met almal te leef. Maar dit beteken nie vergifnis gee 'n carte blanche aan diegene, wat verkeerd gedoen het, om hiermee aan te hou nie. Of om ons verder gevange te hou met skuldgevoelens teenoor hulle, indien hulle goor gedrag nie aangespreek word nie. Vergifnis spreek die probleem aan en dit maak daardie boeke van bitterheid toe in ons harte. Vergifnis aan ons kant van die draad beteken ons sit daardie las voor die Here neer, al doen die res dit nie.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Tannie Bets Coetzee
Willie Viljoen
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Adolf Wolmarans
Adri Botha
Marthie Jooste
Allison Vorster
Frelma Prinsloo
Ansie Harrison
Jurie Matthee
Brian Harrison

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***…

- HERE, ek het U lief! AMEN










<u>*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in